

PRO

VERITATE

IN HIERDIE UITGAWE/IN THIS ISSUE	
★ THE CRISIS FOR 'ENGLISH' CHRISTIANITY IN SOUTH AFRICA	1
★ IS DIT ONS NOG ERNS?	1
★ REDAKTIONEEL: NOUER SKAKELING	3
★ EDITORIAL: HONEST CHRISTIANITY	3
★ SKRIFTOORDENKING	3
★ BRIEWE VAN JAN CALVINIS III	4
★ CHRISTUS — CONSUMATUM EST	5
★ JY MOET JOU NAASTE LIEFHE	5
★ THE I.D.A.M.F.	6
★ SIENSWYSE VAN LESERS	7
★ KERR EN WERELD	6
★ THE DUTCH REFORMED CHURCHES	7
★ UNITY, EQUALITY, EXCELLENCE	8

CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA

CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA

Jaargang I. Nr. 7.

Intekengeld R2 Subscription

Nov. 15 Nov. 1962

Volume I. No. 7.

By die Hoofposkantoor as nuusblad geregistreer.

Registered at the Post Office as a Newspaper.

The Crisis for 'English' Christianity in South Africa

by Canon P. B. Hinchliff, Professor of Ecclesiastical History, Rhodes University.

By 'English' Christianity in South Africa I mean those Churches which derive from Britain, who use English as their principal language of worship, who are in communion with a 'mother' Church in England, and some of whose clergy come from England. I think it is fair to say that they share a common outlook in a great many matters, however much they may differ among themselves.

If for instance one were to talk to a Congregationalist, an Anglican, a Methodist or a Presbyterian about reunion, I think one would find that they would assume reunion between the 'English' Churches. The African 'separatist sects', the 'Dutch' Churches, the Roman Catholics, would probably not even be mentioned. (Though you might find that the Presbyterian would say 'What about the Dutch Ref.?' Just as the Anglican might say 'What about the Roman Catholic?') I think that it is true that, insofar as we look outside our own Churches at all, we do have a certain 'English' solidarity, a common outlook. And for such Churches there is today a particular crisis which has to be faced.

Inevitably I cannot really speak for or about any other Church than my own. What I have to say, I say as an Anglican, but I suspect that what I say is also true, in some degree or other, for the other English Churches.

All the 'English' Churches are probably unhappy about the apartheid policy of the present government. Some are more vociferous about it than others. Some are more clearly identified, in the public eye, with opposition than others. But I think that all are inclined to regard the present policy as contrary to Christian teaching. (I think they might be equally unhappy if the official Opposition got into power, but that is by the way.) Yet I do not think that the real crisis which confronts these Churches is the crisis of an open clash with the government, the possibility of 'persecution', bannings and deportations. The real crisis arises out of the reason why the 'English' Churches oppose apartheid, but does not lie in the opposition itself.

The reason why the Anglican Church (and I suppose the others) opposes apartheid is that we believe that the Church ought to be a real fellowship, a brotherhood, and that in Christ there is neither African, Afrikaner, black or

white. We believe that the Church ought to be One, Holy, Catholic, and Apostolic, visibly and invisibly, and that this ought to be manifested in ordinary daily things.

In South Africa there are Africans, Afrikaners, South Africans, Coloured people, Chinese, Indians and various other smaller groups. We all inhabit the country but we do not really live together. The government believes that the only way to make all these groups live together peacefully is to separate them into water-tight communities. In humanist naturalistic terms this may seem the common sense, the right solution. But I believe that from the Christian point of view it is a confession of failure. The first epistle of John says that we cannot claim to love God, whom we have not seen, if we do not love our brother whom we have seen. And I do not believe that we can really claim to love our brother if we do not see him either. The proverb says: 'Absence makes the heart grow fonder', but this does not seem to be a Christian idea. Christianity demands that we love one another, not that we live apart so that we should not hate one another.

NOT LIVING UP TO IDEAL

But when I look at my own Church I find it difficult to believe that we are really living up to the ideal which we preach. My Church is in lots of ways a very 'English' Church. It came into existence in this country amongst English settlers, who expected it to be 'just like home'. The still expect that. When we became a republic and the Anglican Church stopped praying for the Queen several members of the Church wrote very bitter letters to the newspapers complaining of the change. The Church is part of the 'volkskultuur' of its members. Very few Afrikaners have ever joined the Anglican Church. A great many of its African members

feel that they don't really belong to it. They feel that the white layman doesn't really want them, that they can never hope to hold high office, and that they are second-class Christians. One must not exaggerate this, but I believe that it is true.

Anglicans are sometimes rather smug, sometimes rather angry, because our Church leaders are outspoken in their attacks on the government. What they do not realise is that other (African) members of the Church feel that the practice of the Church lags a long way behind what its leaders say.

TWO PROBLEMS

There are two parallel problems here:

(1) It looks as though the Church may soon have to choose between being 'black' or 'white'. If the white layman will not practice the ideals which the Church preaches the Church will lose the African. On the other hand if the white-layman is forced to accept the African on completely equal terms, he may well leave the Church. And then the danger may well be that the Anglican Church might become an African Nationalist Church.

(2) The obvious way out is to do what the N.G.K. does and have a separate Anglican Church for Africans. Even some Africans with strong Africanist opinions favour this course. It would have the obvious advantage of making it much easier to have a 'indigenous' Church. 'Indigenisation' is now a popular war-cry. But in South Africa what does 'indigenous' mean? Organisations like the Theological Education Fund use it as the equivalent of 'non-white'. I can remember being very hurt when I was told that I did not represent an 'indigenous ministry', when I was born in this country and have worked here for the whole of my ministry. 'Indigenisation' must include all South Africa, but how can you have a Church which is indigenous

for an African, and Afrikaner, a South African and a Coloured man, all at the same time — at any rate under present circumstances? Indigenisation might overcome the 'Englishness' of the Church; but what is indigenisation?

THE CHALLENGE TO THE CHURCH

It is here that I believe that the real 'crisis' lies. Crisis means 'judgement' — and this is the judgement under which the 'English' Churches seem to lie. In similar circumstances elsewhere and in other centuries, the Church acted as the force that bound men of divergent cultural groups together. It did not say, 'These people are so different that we must separate them still more.' It set out, positively and creatively, to help to build an 'indigenous' culture which was also a Christian culture and a unifying culture.

In Acts 15 we see the Church trying to weld two different people into a single Church. In the Roman Empire men of widely differing culture

and background were drawn into a single Church. Nationalism tried to divide them (as in the Donatism of North Africa) but the Church strove to hold them together. When the Empire collapsed the Church was the force which created a new and single culture binding together the old population of the Roman Provinces with our own barbarian and heathen ancestors. Unless the Church in South Africa can answer that call, which I believe that God has placed before us, with a positive contribution, a creative activity which will deliberately set about creating a new unifying way of life which is not a 'volkskultuur' but a Christian culture, we will have lost South Africa and we will have deserved to do so.

To do this we have got to train and educate all our people, deliberately and vigorously. It is not enough for the Church leadership to make pronouncements, and hope that the people are learning. This will require hard, and sometimes painful effort. There must be a systematic programme and not just vague hopes. Hope is not enough!

IS DIT NOG ONS ERNS?

— D. C. S. OOSTHUIZEN

Die gelofte wat Charl Celliers aan die 400 manne voorgelees het in die onsekere ure voor die slag van Bloedrivier is aan ons meer as bekend: dit het 'n deel geword van die kultuur en die volk waarin ons groot geword het, en dit is self 'n helde-sage waarin ons ons verbonde voel met 'n voorgeslag waarop ons trots is. Ons ken die woorde waaruit 'n grootsheid van erns en eenvoud spreek: „Broeders en Landgenoten! Hier staan wij voor den Heiligen God van Hemel en Aarde, om een Belofte te doen dat als Hij met Zijn bescherming met ons wezen zal, en den vijand ons in handen zal geven, wij dan die dag en datum immer als een Dankdag, als een Sabbat, tot Zijne ere zullen vieren. Dat wij aan onze kinderen zullen zeggen, dat zij met ons erin moeten delen, tot gedachtenis ook voor onze opkomende geslachten. Want de ere Gods zal erdoor verheerlijkt worden, dat Hem de roem en de ere van de overwinning worde gegeven.” (Preller — 'Piet Retief', p. 251.)

Hierdie gelofte self en die slag van Bloedrivier wat daarop gevolg het, behoort vir baie van ons tot 'n voorgeskiedenis wat beslissend was vir die 'vorming van ons volk' en die 'karakter van die Afrikaner'. Dit is miskien goed dat ons die belangrikheid wat hierdie geskiedenis vir ons het, vandag voor oë hou: in 'n uur van groot benoudheid het 'n 'klein bende blanke Voortrekkers' alleen gestaan teenoor 'n magtige en wrede vyand'. Dit sou 'n stryd om lewe en dood' wees. Alles was hier op die spel: nie alleen die lewens van vrou en kinders nie, maar ook 'die voortbestaan van 'n Christelike Suid-Afrika' en van 'n 'Afrikaanse volk'. Dit was die uur van beslissing in 'ons ge-

skiedenis', die uur waarin beslis sou moes word of 'die witman' nog in hierdie land sou kon bly en of 'n donker barbarisme' nogeens oor Afrika sou heers, dié uur waarin beslis sou moes word tussen 'vryheid en slawerny'.

WAAROM DIT GEGAAN HET

In hierdie uur was God alleen die toevlug van 'ons dapper en vrome voorouers'. In angs en bewing het hulle 'n gelofte afgelê voor die „Heilige God van Hemel en Aarde” wat bindend sou wees ook vir hulle kinders en kindskinders. Dit het hier gegaan nie om die krag van die stoere Voortrekker nie, maar om die eer van Vervolg op bladsy 2

Vervolg: Is dit nog ons erns?

Vervolg van bladsy 1

God aan Wie die roem van die oorwinning gegee sou word. En god hét wonderbaarlik uitkoms gegee: die stryd is beslis in die guns van Andries Pretorius en sy helde. Die God van ons vadere Self het gekies tussen ons en ons vyande. Van daardie dag weet elkeen dat God iets met ons wil in hierdie land, dat ons volk 'n goddelike roeping in Afrika het, dat dit God's wil is dat ons as 'n aparte Afrikanernasie moet voortbestaan en dat Hy self ons na ons bestemming sal voer. Knechte van die Allerhoogste is ons, teen die hele wêreld vry.

Daarom is hierdie gelofte vir ons so belangrik: dit is hier waar die morele grondslag van ons eie, aparte, unieke karakter as volk in Afrika gevind moet word. In sy Alwyse Raad het die Here ons só apart gestel. Daar is helaas manne en vroue in ons volk en kerk wat hierdie godgestelde grense wil oorskrei en vervaag, wat agter die vreemde gode van ander tale en groepe wil aanloop, om so ook teen hulle volk en hulle God te sondig. Maar hulle is min, en hulle word geken. In wese is ons Afrikaanse volk kerngesond: ons jongmanne en vroue weet nog wat hulle roeping as Afrikaners is, en hulle is nog gewillig om by hulle eie kerk en eie volk te staan. Hulle weet nog dat hulle hulle hoogste bestemming alleen kan bereik in waaragtige volks- en godsdiens. Die bande van bloed en bodem is nog vir ons in 'n afvallige wêreld ankers wat deur God uitgegooi is. Solank ons hieraan getrou is mag ons vas glo dat God die ideale van sy bondsvolk in hierdie land sal laat seëvier. Wie hierin nie met ons is nie, is teen ons en het hulle volk en hulle God die rug toegekeer. Dit is die belang van gelofte vir ons: hier ontmoet volk en God mekaar op die Pad van Suid-Afrika, hier vind ons die sin van ons bestaan en voortbestaan as Afrikaanse volk in ons vaderland.

IS DIT ONS NOG ERNS?

Dit mag daarom oorbodig klink, geagte landsgenoot, en miskien selfs onsinnig om in hierdie woelige dae te vra of die gelofte nog ons erns is, of ons nog weet waaróm dit in daardie gelofte gaan en of ons ons nog aan die gelofte verbonde weet. Tog is hierdie vraag nie só onsinnig nie. Die gelofte van Charl Celliers is afgelê voor die „Heilige God van Hemel en Aarde”, en 'n gelofte aan God gedoen is vir 'n mens iets gevaarlike, dit kan verpligtinge aan ons opleë wat ons nie vermoed het nie en aan ons else stel wat ons ideale van 'n gelukkige saambestaan in hierdie wêreld onmoontlik mag maak. God lei die mens deur die Kruis van Golgota waar hy nie wil wees nie, maar waar God deur sy Genade tog wil hê dat hy moet wees. Dit is die boodskap van die Evangelie. Maar veral is so 'n gelofte gevaarlik omdat God Hom nie laat bespot nie. Wie 'n gelofte aan God gedoen minag, of ydelik gebruik of nie wil betaal nie, gaan spottend om met die Allerheiligste.

Ook dit was in die gedagte van ons voorouers toe hulle die gelofte moes aflê. Ons weet dat Andries Pretorius en Charl Celliers lank gehuiwer het oor hierdie saak. Toe Pretorius so 'n gelofte aan Celliers voorgestel het, het Celliers hom daarop gewys „hoe daar in die Bijbel geseg word, dat als mens

beloftes maak, dié beloftes ook betaal moes worde, en dat hulle liever nie moes belof as geloftes aflê en die dan weer verwaarloos”. (Preller, a.w., p. 250.) Ons weet ook hoe maklik dit is om sulke geloftes weer te vergeet. Die kerk op Pietermaritzburg was lank 'n winkel, 'n pakhuis en 'n koffie-kamers en selfs vandag is dit nie 'n kerk tot die eer van God nie, maar 'n museum ter ere van ons voorouers.

Laat ons dan vandag opnuut besin voor „die Heilige God van Hemel en Aarde” of hierdie gelofte nog ons erns is. Elkeen van ons sal self sy hart voor God moet ondersoek met belydenis van sonde en onmag. Miskien sou ons dit kon doen deur aan ons self verskillende vrae te stel vir selfondersoek en selfverootmoediging voor God. Ons sal moet vra wat dit beteken om 'n gelofte aan die Heilige God van Hemel en Aarde af te lê en om met Hom 'n verbond op te rig; en ons sal moet vra wat hierdie gelofte en hierdie verbond vandag van ons eis.

DIE BETEKENIS VAN 'N GELOFTE

'n Antwoord op hierdie vraag word vir ons in die Woord van God gegee, want die gelofte en die verbond van ons vadere is gesluit met 'n God wat gister en vandag en môre dieselfde is, en wat Hom aan ons ge-openbaar het as die Verbondsgod van Weleer.

In die Ou-Testament is daar baie voorbeelde van verbonde wat tussen mens en mens voor God gesluit word. Jakob en Laban rig 'n verbond tussen hulle op en Jonathan en Dawid bevestig hulle vriendskap deur 'n gelofte. In die ou formule vir 'n kontrak, Ek is jou vader en jy is my seun, of Ek is jou man en jy is my vrou of ek is jou broer en jy is die seun van my vader, word voor God die grondslag gelê van 'n nuwe manier van saamwoon, word die wet gestel van 'n nuwe bestel wat voor God heilig is. Deur die verbond word die reg geskep van 'n nuwe, ordelike samelewing wat vir God welbehaaglik kan wees. Dit is hierdie verbond of kontrak waarin mense hulle verbind om onder sekere wette te lewe, en 'n gemeenskap te bou op 'n eed wat voor God afgelê is, wat vir die skrywers van die Ou Testament 'n beeld word van die verhouding van God tot Israel. Laat ons na 'n paar voorbeelde kyk om te sien wat so 'n gelofte ook vir ons inhoud.

VERBOND VAN DAWID EN JONATHAN

In I Samuel vanaf H.18 lees ons hoe Dawid en Jonathan so 'n verbond opgerig het. Jonathan het met Dawid 'n verbond gemaak, lees ons daar, omdat hy hom liefgehad het soos sy eie siel, (I Sam. 18 : 3), en die verbond was 'n verbond van die Here (20 : 8) voor sy Aangesig gesluit. (23 : 18). Die diepste en innigste vorm van 'n gemeenskap tussen mense om mekaar lief te hê soos ons ons self lief het- word hier op die reg gegrond, onder 'n wet gestel wat voor God met 'n eed bekragtigt is. Jonathan stel hier onder die wet iets wat as 'n spontane gevoel in hom opleef. Hy vervolmaak sy natuurlike liefde deur dit in die vrese van die Here te anker, maar hy weet ook dat sy liefde nie volmaak sou gewees het nie, sonder hierdie gretige, vrywillige bevestiging daarvan in 'n heilige kontrak. Ook ons ken hier-

die manier om voor God te belowe om mekaar lief te hê tot dat ons deur die dood geskei word, en ook ons weet dat die verpligting van 'n heilige wet nie die diepste gevoel tussen 'n man en 'n vrou aan bande lê nie; die wet steun die liefde, en bewaar dit teen elke moontlike krisis.

Vgl. Kittel Bd. II, p. 106 ev. (Wörterbuch d. Neuen Testaments).

Maar so is ook die verbond tussen Dawid en Jonathan meer as hulle innige vriendskap: dit is 'n unieke verhouding wat op reg gebou is en wat deur God gewaarborg word. 'n Nuwe manier van saamwoon word hier vir hierdie twee vriende vasgelê en verseker, 'n gemeenskap, soos daar geskrywe staan van guns en genade (20 : 8) van die vrede van God. As 'n teken van hierdie verbond gee Jonathan sy koningsklere aan Dawid en trek self die nederige kleed van Dawid aan: van nou af aan sal wat Jonathan aan wêreldse goed besit ook aan Dawid behoort en die armoede van Dawid en al sy talente

Pro Veritate publiseer hierdie artikel, oorspronklik gelewer as 'n toespraak by die Karl Landman Monument, Alexandra, tydens Gelofte-dag, 1960, met erkenning aan die uitgewers, Human en Rousseau, van Kaapstad wat dit laat verskyn het in die voorgenome boek van prof. D. C. S. Oosthuizen getiteld „Tussen Hakies”. Die publikasie van die artikel geskied in drie afloweringe.

word die vreugde van Jonathan. (18 : 4)

Hoewel hierdie sterk gevoel van liefde nie altyd die aanleiding is tot die verbonde waarvan ons in die Ou Testament lees nie, bly die verpligting wat die verbond opleë tog onverbiddelik staan. Die nuwe manier van saamwoon wat onder die wet gestel word, en waarvan God 'n getuie is, bly altyd 'n heilige verpligting, al ontbreek dit miskien ook by die kontraktante aan liefde teenoor mekaar.

VERBOND TUSSEN JAKOB EN LABAN

In Genesis 31 : 44 e.v. lees ons van 'n heilige verbond tussen Jakob en Laban, as die leiers van twee volke en stamme. Hulle daag op, lees ons daar, met hulle broeders, d.w.s. hulle families en stamgenote om die verhouding tussen die twee volke te reël. (Gen. 31 : 25, 46, 54). Daar is nie veel toegeneentheid tussen hierdie twee volke of tussen hierdie volksleiers nie; dit is eerder onsekerheid, agterdog en twis wat tot die verbond aanleiding gee. In plaas van die vertroue in mekaar van vriende, eis die twee leiers 'n klipstapel sodat die Here wag moet hou oor die uitvoering van die verbond as hulle nie meer bymekaar is nie. (Gen. 31 : 49) Maar wat hierdie twee leiers en volke ook al van mekaar mag dink en hoe hulle nou ook daarvoor mag voel: van nou af aan staan hulle onder die heilige verpligting om mekaar lief te hê en om broederlik teenoor mekaar op te tree. Deur hulle verbond voor 'n heilige God rig Jakob en Laban 'n nuwe manier van saamwoon tussen hulle op.

In plaas van agterdog, onsekerheid en twis tussen die twee volke moet daar nou eensgesindheid wees, moet die twee volke saamleef asof hulle één volk is. Daarom lees ons verder

dat Jakob, nadat hy iets aan die Here gegee het wat na aan sy hart was, sy broers uitnooi om saam met hom te eet, d.w.s. ook Laban en sy stam wat van nou af aan as stamgenote gereken moet word. Soos veel later broers uit alle lande aan een nagmaalstafel saam sou aansit om die verbond van Jesus Christus te gedenk, sit Jakob en Laban nou aan een tafel asof hulle bloedsverwante is. Immers, dit juis is die sin van hulle verbond: dat daar nou tussen hulle stamme 'n nuwe toestand, 'n vrede van God sal heers, 'n saamwoon wat aan niks anders gemeet wil word as aan die Wet van die Here nie. Jakob en Laban is nou broers.

Die verbond tussen Jakob en Laban en die regspatroom vir die reëling van die verhouding tussen verskillende volke en stamme wat daardeur tot stand gekom het, was vir Israel as volk van groot betekenis gewees. Die twaalf rondswerwende stamme word deur sulke verbonde uiteindelik één volk en 'n vrye staat onder hulle eie koning. Waar in die begin die losse saamwoon van verskillende families bepaal was deur bloedverwantskap, skep die verbond wat voor God afgelê is 'n nuwe gesag, 'n nuwe verbond en maak so 'n ordelike sameling moontlik. Hierdie nuwe samelewing moes God welbehaaglik wees: slegs waar mense mekaar volkome as broeders voor God behandel het, het die verbond ook volkome geword en is die heilige gelofte betaal. (II Sam. 1 : 26, 19 : 13). As dit gebeur het het God 'n nuwe toegeneentheid, 'n vrede (shalom, Xaris) aan mense geskenk, iets wat so onveranderlik as die bloedsverwantskap self moes wees, juis omdat die trou, en die plig en die verbintenis aan mekaar voor die Heilige God van hemel en aarde belof is. „Oor drie

oortredinge van Tirus, ja oor vier”, sê die Here deur die mond van sy profeet Amos, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hulle 'n ganse bevolking as ballinge aan Edom uitgelewer het en nie gedink het aan die broederverbond nie . . . omdat hy sy broer met die swaard agtervolg het en sy jammergevoel verstik het, sodat sy toorn altyd verskeur en hy gedurigdeur sy grimmigheid behou”. (Amos 1 : 9—11). Hierin laat die Here Hom nie bespot nie.

Dit is hierdie heilige verbond tussen mense, wat deur God gewaarborg word en waarin Hy Hom nie laat bespot nie, wat in die Ou Testament 'n beeld word van die onuitspreeklike verhouding van 'n Heilige God tot sy sondige kinders. Deur die geloof het Israel so 'n verhouding in die geskiedenis gesien, het hulle daarvan oortuig geraak dat God hulle genadig was en dat hulle daarom geweldige verpligtinge teenoor hulle God moes dra (Rom. 4 ie. v). As dit God was wat die kinders van Israel gekies het, dan was Israel ook verplig om God te kies omdat hierdie eis onafwendbaar aan hulle in die verbond opgedring is. Want hier is God nie alleen 'n Beskermheer en 'n Borg van 'n verbond wat tussen mense voor sy Aangesig afgelê word nie; Hy is ook 'n deelnemer aan die verbond. God self verbind Hom hier aan sondige mense en stel sy Wet as die grondslag van sy verhouding tot hulle. Hy is die gekose God van die uitverkorenes in sy verbond. Ons sien dus dat daar ook hier, soos ons doopsformulier sê, twee dele aan elke verbond is. Die mens moet ook hier met 'n ongeveinsde hart ja antwoord op die verpligtinge wat God op hom lê. Ook hier is 'n verbond met God vir die mens gevaarlik.

The Dutch Reformed Churches — as they appear to a friend

—Rev. Robert Orr

(PART ONE)

FAMILY PRIDE?

It is barely possible that the words which follow may be nothing more than an illustration of family pride. For the writer is a Presbyterian, a brother within the Reformed family of Churches. He will be forgiven if he attributes the good things which he so much appreciates in the Dutch Reformed Churches to the living principles and emphases of the Genevan and Scottish Reformations.

One explanatory note before we begin. The writer is aware that there are three Dutch Reformed Churches in South Africa. What follows, therefore, must be a general picture of those three Churches as he knows them, and readers who know these Churches more intimately than he does must make the necessary distinctions.

CENTRALITY OF THE WORD

Perhaps it is inevitable that the first thing to appeal to a Presbyterian is the emphasis placed on the Word of God as that Word comes to us through the Scriptures, as it is interpreted to us by the Church, and as it is authenticated to us by the inner testimony of the Holy Spirit. There is, in all this, a most welcome emphasis on the Lordship and sovereign-

ty of God, who must be allowed to speak to us as He wishes, and who may not be hampered by any preconceived ideas of men, no matter how wise they may be.

Our inborn tendency to idolatry receives necessary and healthy correction as we hear God speaking to us in His Word. It is more difficult to manipulate the content of Scripture than to manipulate the content of our own experience, and it is more difficult to manipulate the printed page than to manipulate the traditions which men introduce into the Church, because the Bible has a givenness that does not change from generations to generation.

PASTORAL RESPONSIBILITY

This emphasis on the Word shows itself in all sorts of Vervolg op bladsy 4

PRO VERITATE

Redaksioneel

NOUER SKAKELING VAN DRIE AFRIKAANSE KERKE

Met groot dankbaarheid het Pro Veritate kennis geneem van die organisatoriese vereniging van die vyf Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke tot een Nederduits Gereformeerde Kerk as openbaring van 'n opregte drang na groter eenheid. Dis dan ook heel natuurlik dat by baie lidmate van die drie Afrikaanse Kerke dit opnuut die begeerte laat ontstaan het van nouer skakeling en selfs moontlike eenwording van die drie Afrikaanse Kerke: kerke wat dieselfde belydenis huldig, wesenlik dieselfde vorm van kerkregering beoefen en wat in dieselfde geografiese landstreke dieselfde volksgroepe dien.

Dit moet verwelkom word dat daar duidelike tekens begin kom van 'n ontwaking en openbaring van 'n behoefte na dieper eenheid en ons blad sal alles in sy vermoë doen om alle stappe wat kan lei tot 'n beter verstandhouding, inniger samewerking en moontlike eenwording te ondersteun waar dit op Bybelse gronde gesoek en begeer word. Die geskiedenis van die ekumeniese beweging het egter geleer dat sulke pogings tot eenwording gevaar loop om te misluk of groter skade as seën te bring wanneer ander oorweginge as die suiwer Skriftuurlike die deurslaggewende word. Juis omdat ons so graag wil sien dat sodanige eenheid se welslae verseker moet wees, is dit nodig om daarop te wys dat die Woord van God ons sekere basiese vereistes stel wat in al sulke oorweginge en onderhandelinge eerbiedig moet word:

1. As grondvereiste moet geld dat die diepste motief tot alle kerklike eenwording moet wees die kinderlike gehoorsaamheid aan die gebed van onse Here Jesus Christus in Joh. 17 vers 21: „dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het”.

2. Dat die gemeenskaplike uitdrukking van geloof soos vasgelê in dieselfde belydenis die grond van sodanige eenheid moet vorm en dat alle ander oorweginge sekondêr moet wees. Dis vanselfsprekend en verstaanbaar dat bv. die Afrikaner se drang tot groter eenheid op staatkundige en kulturele gebied 'n groot rol in die saak sal speel, maar dit mag nie oorwegend of deurslaggewend wees nie want in die Kerk van Christus gaan dit nie in die eerste plek om volksverbondenheid nie, maar om Woordgehoorsaamheid, nie in die eerste plek om kulturele verstewiging maar om geestelike vernuwning.

3. Dat in al sulke onderhandelinge rekening gehou moet word met die nie-blanke lidmate van die betrokke kerke en dat ook hulle sieninge verneem en in oorweging geneem moet word om sodoende enige moontlike verkeerde indruk te vermy dat dié kerke 'n blanke front wil vorm (wat beslis nie die motief by die kerk is of ooit mag wees nie). Want wie saam met ons — en dit veral in dieselfde of ooreenstemmende kerkverband — Jesus Christus as Here en Verlosser bely, is nie ons vyand nie maar ons broer in die geloof en dus ook bondgenoot in die stryd teen die magte van die duisternis.

Ons opregte bede is dat die paar gedagtes die weg mag open tot openhartige besprekinge en beraadslaginge op grond van Gods Woord wat sal lei tot groter samesnoering van alle Christelike kragte in diens van Gods koninkryk.

Editorial

BETTER UNDERSTANDING THROUGH HONEST CRITICISM

In this issue as well as in the next we are publishing articles received in which writers from two different denominations are voicing, in a Christian spirit, criticism against their own as well as other church groups. Such criticism is always a sign of maturity and a necessary prerequisite of better understanding. This is especially true of all church relationships where an honest evaluation of past mistakes and shortcomings offers the sure guarantee for a meaningful ecumenical encounter.

Such criticism (including self-criticism) by Christians does not display, as some would like to indicate, a sickly or senti-

Vervolg op bladsy 4

SKRIFOORDENKING

AL SOU EK

1 KOR. 13.

GODSDIENSTIGHEID EN GOEIE WERKE WAS DEUR AL DIE EEUE VAN DIE VERNAAMSTE STRUIKELBLOKKE IN DIE WEG VAN DIE EVANGELIE. SO WAS DIT IN DIE GEMEENTE VAN KORINTHE EN SO IS DIT VANDAG.

Ons leef in 'n wêreld waarin die liefde skaars geword het en die haat volop. Maar nie net in die wêreld nie, ook in die kerk het die liefde skaars geword. En as die liefbet die liefde skaars geword. En as die liefde weggeraak het, dan het die dood gekom. As die liefde weg is, bly daar niks oor nie. Die kerk kan ryk wees en sy kan slim wees. Die kerk kan vol wees en baie gawes besit, maar as die liefde nie daar is nie, dan help dit alles niks.

Die liefde is die vernaamste gawe wat die HERE aan sy kerk op aarde gegee het. Nog meer, die kerk is daar waar die liefde is. Waar die liefde nie is nie, daar het die kerk opgebou om kerk van Christus te wees.

In die vroeë kerk het dit gebeur dat 'n mens so aangegryp geraak het deur die verlossing in Christus dat hy deur die Gees begin het om in tale te spreek wat geen mens kon verstaan nie. So 'n mens met so'n gawe kon deur die Here gebruik word om die heidense wêreld te oortuig. Maar, sê Paulus, hierdie mooie gawe sonder die liefde beteken niks, hoe godsdienstig dit ookal mag voorkom. Dit is soos 'n klok wat 'n mooi geluid maak, maar wat self 'n dooie stuk yster is. Hoe dikwels word die lewe van die kerk nie gemeet aan die mate van sensasie en ekstase en die buitengewone nie. Die Woord van God sê: die vernaamste genadegawe, waaruit alle ander gawes hulle sin ontvang, is die liefde. Die tale hou op. Die liefde bly. Die kerk kan bestaan sonder tale, maar sonder die liefde nie.

Maar die profesie dan, en die kennis? Hierdie moet tog wesenskenmerke wees. Moet ons ons nie juis daarvoor verbly dat die teologie van die na-oorlogse wêreld weer sy hand na die Woord uitgesteek het nie? Maar nee, ek kan 'n goeie prediker wees, slim. Ek kan al die geheimenisse van die Woord van God ken. Ek kan Skrifgetrou preek- en as ek nie die liefde het nie dan is ek niks.

Temidde van die verwarrende probleme waarvoor ook die kerk staan, temidde van die geroep om 'n antwoord en 'n klare weg, kan ek met die Bybel in die hand staan en al die antwoorde ken, en niks wees nie. Niks!

En die geloof? Baie het deur die geloof genesing ontvang en brood. Duiwels is in die Naam van Jesus uitgedrywe, so lees ons in die Evangelies. Maar in die laaste bange nag het almal gevlug . . .

„En al sou ek al my goed uitdeel”. Hier word groot dinge gesê. Al my goed. Hiervan moet God tog kennisneem. Eis Hy dan nie net 'n tiende nie? Dit is tog die hoogste wat Hy van die ryk jongman gevra het, dat hy juis sy goed sou gaan uitdeel. Nee, sê

die Woord. Dit help nie om God en my medemens te probeer imponeer met die hoeveelheid van my gawes nie. Sonder die liefde staan ekself in die middelpunt daarvan. Sonder die liefde sou dit my niks baat nie.

„En al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word”. Wat het ek meer? Dit is die finale, die hoogste offer. Ek het niks meer, niks beters nie. Was dit nie die offer van Christus nie? Nee, sê die Woord. Die liefde. Die liefde. Die gemeente kan baie gawes hê en kan wonderlike dade doen, volgens die eise van die Evangelie. Maar God kyk in die hart en dit is die liefde wat Hy soek, want die liefde is die lewe van die kerk.

Nou weet ons dit is die liefde wat ons moet hê. Dit is die skat in die akker. Dit is die pêrel van groot waarde. Maar as ons nou hierdie skone liefdespsalm hoor dan begin dit soos 'n hamer slaan. Hierdie liefde is nie by ons nie. Dit kan nooit by ons wees nie. Daarvoor is ons sondige hart te klein en te koud en te vuil.

En tog is hierdie liefde by ons. Die liefde wat nie sy eie belang soek nie, wat nie verbitterd word nie, die kwaad nie toereken nie, alles bedek. Sien u Wie dit hierdie is? Ja, dit is Hy wat nie aan Homself gedink het nie, maar in die modder van hierdie aarde ingekom het om in alle ewigheid by ons te wees. Dit is Hy wat gehoorsaam geword het tot die dood toe ja die dood van die kruis. Dit is die liefde wat alles bedek: Jesus Christus, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Hy is die Liefde. Hy is die pêrel van groot waarde, die skat in die akker. Hy is die lewe van die kerk. Sonder Hom kan ons niks doen nie. As ons Hom vergeet, is ons niks. Nie ons liefde vir Hom nie maar sy liefde vir ons, dit is ons lewe, die enigste lewe wat ons kan hê.

As ons iets geleer het van die liefde van God vir ons, as ons lewe uit die liefde van die kruis, as ons weet dat ons die geliefdes van God is, dan gebeur die wonder dat die liefde ook sigbaar word in die lewe van die gemeente. En God wil ons telkemale verseker van sy liefde. Deur Woord en Sakrament roep Hy dat Hy ons krankbede op Hom geneem het, dat die straf wat vir ons die vrede aambring op Hom was en dat daar deur sy wonde vir ons genesing gekom het.

„Wie in My bly en Ek in Hom, by dra baie vrug.”

Joh. 15 : 5.

„Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed- aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid”.

Opg. 1 : 5, 6.

Amen. W.J.C.

BOEKE — BOOKS

De Katholiciteit der kerk deur prof. H. Berkhof — G. F. Callenbach, Nijkerk.

Hierdie boek behandel die verskillende aspekte van die katholiciteit van die kerk. In die besonder nou die Roomse kerk 'n Algemene Kerkvergadering hou, waar ook verteenwoordigers van Protestantse kerke

uitgenooi is, het hierdie boek 'n aktuele betekenis. Prys nie bekend.

'n Resensie oor elkeen van die werke sal in die Desemberuitgawe van Pro Veritate verskyn. Potgietersrus.

De Brief aan de Hebreëen deur dr. H. van Oyen —

G. F. Callenbach, Nijkerk. Dis 'n boek wat verskyn in die reeks: „De Prediking van het Nieuwe Testament”. Vir intekenaars is die prys f14.50 (omtrent R3.00 plus versendkoste), vir los eksemplare is die prys f15.90 (omtrent 3.20 plus versendkoste).

BRIEWE VAN JAN CALVINIS AAN SY SEUN

(III)

Nogmaals die duidelikheid van die Skrif.

Liewe Pieter,

Ek het so half-en-half verwag dat jy een of ander tyd die vraag sou stel waarmee jou vorige brief afgesluit het, nl. of dit ooit sin het om 'n mens op die Skrif te beroep oor bepaalde sake waarvoor daar verskil van mening onder ons is, omdat elkeen tog maar die Skrif deur sy eie bril lees en uiteindelik dus tog maar in die Bybel vind wat hy daarin wil vind. Soos ek sê, ek het verwag dat jy dit sou sê, want 'n mens hoor dit nogal dikwels. As iemand hom op die Skrif beroep, dan is daar baie gou iemand anders wat sê: Ja, maar dit is maar soos jy die Skrif verstaan, omdat jy die Bybel met 'n vooropgesette idee lees. Per slot van rekening het elke ketter sy letter, en 'n mens behoort dus nie so onbeskeie te wees om te meen dat wat jy in die Skrif lees, juis die waarheid is nie, asof net jy alleen die Skrif reg verstaan, en al die ander dwaal nie. Daarom: laat liever af van die voortdurende vroom gepraat oor „die Skrif sê so”, en erken liever ruiterslik dat jou interpretasie van die Skrif die produk is van allerlei faktore buite die Skrif om, faktore van 'n volkome subjektiewe aard wat van persoon tot persoon sal wissel . . .

Wat ek daarop antwoord? Ek wil begin deur te sê dat ons as mense natuurlik altyd blootgestel is aan allerlei gevare in ons interpretasie van die Skrif. Ons verstand is benewel deur die sonde, en ons hart is ten voete uit onwillig om Gods Woord te hoor en te verstaan. Dat ons dus voortdurend moet waak daarteen om nie ons vertolkings van die Skrif te laat beheers deur allerlei faktore van

subjektiewe aard wat die boodskap van die Skrif wil draai en wring totdat dit by ons aanpas en presies sê wat ons gesê wil hê, of totdat dit sê wat ons kans sien om te aanvaar nie, is 'n waarheid wat ons voortdurend voor oë moet bly.

Maar ek wil meer as dit sê. Ek wil sê dat 'n mens tog ook weer nie moet dink dat jy met die Skrif enige kant kan uitgaan nie. Die Skrif is nie 'n neus van was wat 'n mens kan buig soos jy wil nie. Die Skrif besit 'n eie, inherente duidelikheid, en as 'n mens werklik in alle erns met die Skrif omgaan en onder die leiding van die Heilige Gees biddend worstel om die inhoud van die Skrif te verstaan, wil God ons in sy genade die waarheid laat vind. Ons is tog nie uitgelewer aan 'n totale subjektivistiese tontrekery oor wat die Bybel in verband met 'n bepaalde saak wil leer, sonder dat daar enige hoop is om uit te maak wat die waarheid van Gods Woord is nie. As iemand 'n valse opvatting van die Woord van God voordra, kan dit weerlê word. Ons staan nie magtelos teenoor subjektivistiese kromtrekkery van die Bybel nie. Die Skrif is immers sy eie verklaarder. Scriptura sacra sui ipsius interpretes est. Laat ons dit vaar, dan is ons besig om die gesag van die Skrif te ondermyn.

Dan kom ons immers uit by die gedagte dat, aangesien die Skrif tog maar subjektief uitgelê word, elkeen dit maar verstaan soos dit hom pas. Dan is alle gesag van die Bybel weg. Dan laat ons ons lewe beheers deur ons eie sieninge maar nie meer deur Gods objektiewe wêreld vir ons lewe nie. Maar dan moet ons ook ten enemale daarvan afsien om ons nog langer

op die Skrif te beroep met betrekking tot ons belydenis. Dan moet ons die sektes en Rome en die afgode van ons tyd nie meer met die Skrif tegemoet tree nie. Want as ons „beskeie” moet wees oor wat ons as die waarheid van Gods Woord verstaan, en nie daarop aanspraak mag maak dat wat daar staan, gesag en geldigheid het vir alle mense nie — as ons moet toegee dat dit maar ongelukkig ons subjektiewe kyk op sake is, maar dat ander mense natuurlik ook hulle subjektiewe kyk daarop mag nabou — dan moet ons die Bybel sluit. Dan is ons waar Rome ons wil hê: in totale subjektivisme. En dan het ons geen verweer meer teenoor hulle verwyte dat ons elkeen maar die Skrif op ons eie manier lees, en dat ons geen sekerheid het nie, omdat ons die onfeilbare gesag van die kerk mis.

Nee, dié kant mag ons nie uit nie. Ons moet daaraan vashou dat die Bybel nie verskillende waarhede verkondig nie. Ons kan en moet dit met mekaar eens kan word oor wat die Bybel werklik oor 'n bepaalde saak leer, anders is ons moedswillig. Ons moet met mekaar saam in die Bybel blaai en oor die Bybel buig, totdat ons die waarheid sonder vertroebeling en sonder ombuiging vind. Ons moet die naakte helderheid met mekaar saam ontdek. God het ons belowe dat sy Gees ons in alle waarheid sal lei. As ons ons net wil laat lei, sal ons na die enigste waarheid gelei word.

Ons moet net nie die Bybel geslote hou, of net by een bepaalde teks oopmaak, en dan andere begin uitskel dat hulle natuurlik deur allerlei subjektiewe faktore beheer word as hulle weet te vertel dat die Bybel sus of so sê, anders as ons begrip van wat die Bybel sê nie. Ons moet uit die Skrif aantoon, louter en klaar, dat wat hulle sê nie die waarheid van Gods Woord is nie, dat dit geïnspireer is deur ander dinge — wat ookal — maar nie uit die heilige bladsye self opkom nie. Ons moet hierdie punt veral nie ontwyk met allerlei redenasies, beskuldigings en dergelike meer nie. Ons moet met die duidelikheid van die Skrif kom. Dit is ons enigste wapen. Dit was die wapens van die kerkhervormers. Hulle het niks anders as die Woord besit en laat spreek nie. En dit was magtig teenoor Rome, teenoor die anabaptiste en teenoor almal wat van die suiwere leer afgewyk het. Hierdie stelling mag ons nie verlaat nie. Sê ons Nederlandse Geloofsbelydenis dan nie ook self, dat die Heilige Skrif die bewys van die waarheid van sy boodskap in homself het nie? (art. 5). Wanneer Skrif met Skrif vergelyk word, die Skrif vanuit Christus as middelpunt verstaan word en die werklike, objektiewe sin van die Skrif gesoek word, kan daar uiteindelik nie verskillende waarhede uit die Woord van God geput word nie. Dit het die geskiedenis ook herhaaldelik bewys. Verskil ontstaan alleen as ons deur onwil of andersins die waarheid na een of ander kant skeef trek. Maar daarin is ons geroepe om mekaar te kontroleer en eerlik reg te help.

Graag hoor ek spoedig weer van jou. Ek vind die gesprek interessanter as wat ek aanvanklik gedink het. Kom gerus weer met jou bedenkinge — hulle is meer as een uit die hart gegryp.

Met opregte groete,
van jou vader,
JAN CALVINIS.

Vervolg van bladsy 2

practical ways in the Dutch Reformed Churches, not least in the time and trouble well spent on pastoral work. Many English-speaking churchmen look rather wistfully at the strong tradition of “huisbezoek”, where every family in the congregation is visited at least once annually, and that not just to sit down with a cup of tea, but for thoughtful reading of the Scripture and prayer in each house.

It is shown, too, in the very thorough preparation given to candidates for confirmation. Not only are they very solidly grounded in the Scriptures, but, as it appears to us, they have a firm picture of church history, so that the excesses of heresy may be seen beforehand and avoided. We rejoice whenever a member, for whatever reason, transfers from the Dutch Reformed Churches to the Presbyterian (I can only speak for them here) because we know that his knowledge of the faith is so firm as to put most of our members to shame.

Again, it is shown in the strong tradition of church discipline. It appears to us that the Dutch Reformed Churches are vitally concerned with the purity of the Church, and that any conduct which disgraces the Church before the world is firmly dealt with, with a view to the re-claiming of the erring brother.

LIBERAL GIVING

It is a matter for wonder and admiration to us how members of the Dutch Reformed Churches respond to the challenge to give money for the Church's work. Not once but several times I have been driven to compare the amounts given by our respective churches towards mission work, and have been ashamed at the comparison.

It is, of course, true that the Dutch Reformed Churches are much larger, but even if the amount is calculated proportionately — at so much per member — then members of the Dutch Reformed Church appear to be two or three times as generous as ours.

Not all the money goes to missions, of course. There are also what might be called the “social missions” of the Church: the assistance given to those who are poor, homeless, widows, orphans. Here too the Dutch Reformed Churches set us a shining example.

WHAT DO YOU THINK OF YOUR MINISTER?

That may be an odd question. But the writer knows of Churches which are loud and vehement in their protestations of piety, and whose protestations do not impress him one bit. For he has taken a careful look at what these Churches pay their ministers. He is ashamed. It may be true, as some of us say with more than a little envy, that ministers of the Dutch Reformed Churches are paid too much, but there is no doubt that their members regard it as a Christian duty to care for the material needs of the minister so that he may devote his time to the things that are truly needful. This is in welcome contrast to the pitiful state of ministers of some other churches who are degraded and humiliated by having to rely on charity.

While we are on the subject of ministers' stipends, a curious and sobering fact should be recognised. The writer (in common with many others) is not sure that he

agrees with many aspects of the “colour policy” of the Dutch Reformed Church, or with statements made by Dutch Reformed churchmen on racial issues. It came as a shock to him to learn that his own Church paid its Bantu ministers only two-thirds of the stipend given to Bantu ministers of one of the Dutch Reformed Churches!

The financial aspect is not the only one, of course. It is evident to us, who look on from the outside, that members of the Dutch Reformed Churches respect and honour their ministers. Even though they may not agree with him, they recognise him as a servant of the Word and offer him the deference due to him “for his work's sake”.

While on the subject of ministers, there is yet another aspect that appeals to the writer. That is the refusal of the Dutch Reformed Churches to lower the standards and the qualifications demanded of men who offer for the ministry. To an “outsider” the training given to your men is commendably thorough and must pay dividends. Again, this is a welcome encouragement to other churches who, faced with a critical shortage of men, are sorely tempted to ease men into the ministry by lowering the qualifications and shortening the course of training.

WORDS OF WARNING

It is true that the worst is often the corruption of the best. In all love and honesty, the writer should follow up an article like this with another on those things in the Dutch Ref. Churches which make him unhappy and afraid. That, however, will have to wait until another time.

(To be continued)

PRO VERITATE

Published the 15th of each month.

Correspondence; Administration.

Address all letters for the Editor and Administration to P.O. Box 487, Johannesburg.

Editorial Committee:

Dr. P. G. Geertsema,
Prof. Dr. J. C. G. Kotzé,
Rev. E. E. Mahabane,
Rev. R. Orr,
Prof. Dr. A. van Selms and
Rev. J. W. Wessels.

Editor:

Rev. C. F. B. Naudé.

Subscription:

Republic of South Africa, S.W.A., Rhodesias and Protectorates: R2 per year, payable in advance.

Overseas: R2.50 per year in advance.

Cheques and Postal Orders must be made out in the name of “Pro Veritate”, (Pty.) Ltd.

Verskyn die 15de van elke maand, maand.

Korrespondensie en Administrasie:

Alle briewe vir die redaksie en die administrasie aan:
Postbus 487, Johannesburg.
P.O. Box 487, Johannesburg.

Redaksie:

Dr. P. G. Geertsema,
Prof. dr. J. C. G. Kotzé,
Dl. E. E. Mahabane,
R. Orr,
Prof. dr. A. van Selms en
ds. J. W. Wessels.

Eindredakteur:

Ds. C. F. B. Naudé.

Intekengeld:

Republiek van Suid-Afrika, S.W.A., die Rhodesië en Protektorate: R2 per jaar vooruitbetaalbaar.

Oorsee: R2.50 per jaar vooruitbetaalbaar.

Tjeks en posorders moet uitgemeak word aan „Pro Veritate” (Edms.) Beperk.

CHRISTUS — CONSUMATUM EST

DS. C. LE ROUX

Wanneer ons in Matthéüs 5 : 17 lees dat Christus die Wet en die profete vervul, d.w.s. Christus gee geen nuwe inhoud aan die wet nie, vul dit ook nie aan nie en hef dit ook nie op nie, maar volbring, volvoer in die volste sin van die woord, dring die vraag na vore of die ander godsdienste in die Midde-Ooste en Asië neerslae bevat van God se worsteling met die mens en die mens se reaksie daarop, wat in Christus vervul word?

In Indië begin godsdiens met 'n ongepoleerde konsep van poletisme: dit ontwikkel verder in 'n soeke na die eenheidsbeginsel van die univers en siel, — Brahman en Atman. Hierdie soeke kristalliseer uit in 'n nie so heldere begrip van 'n persoonlik God, wat beide die Brahman en Atman transendeer. — (Bhagavat Gita). Die fenomenale wêreld wat verwerp word as illusie hou die onsterflike siel gevange. Verlossing beteken dan die isolasie van die gees van alles wat vloeiende en van verbygaande aard is.

Die Bhudda, wat die menslike persoonlikheid dehumaniseer, deur geen permanentheid daaraan toe te dig nie, spreek alleen van 'n ongekondisioneerde vorm van bestaan, ongeboere, nie-samevoegend, nie-worwend, nie-skeppend. (Nivana). In God of die Absolute word nie geglo nie.

Bhuddistiese waardes het egter 'n Umwertung ondergaan onder invloed van die Mahayana. Hulle het besef dat die ervaring van Nirvana nog altyd beteken dat dit JOU geluk is, JOU verlossing, JOU Nirvana, en nie die van jou naaste nie. Hierdie selfsugtigheid, wat die sonde van alle moniste is, kenmerk die purusa, die atman, die ewige self en nie die materie-gebonde ego nie. Om hierdie probleem te oorbrug ontwikkel die Bhoddhisattva ideaal, waardeur hierdie mitiese heilige wesens hulle eie Nirvana uitstel, gebonde bly aan die wiel van fenomenale bestaan, en deur hul meegevoel en hulp, ander uit hul lyding verlos. Hulle bly egter nog in gebreke om te definieer waarin Nirvana bestaan. Die doel bly nog steeds verlossing uit tyd en ruimte.

In Zoroastrisme is daar 'n tendens tot dualisme. God (Ahura Mazda) is die enigste ware realiteit wat sy skepping tot Homself teruglei. Die verhouding tot God is die van persoon tot Persoon. Die siel en liggaam word na die dood verenig in ewige saligheid, maar daar is geen versekering hiervan nie. Die kwaliteit van die ewige lewe word verbind met die lewe hier op aarde.

„La ilah a illa illah u” reflekteer Mohammad se begrip i.v.m. God. Die abstrakte essens van God word nie in aanmerking geneem nie — alleen die persoonlike posisie van God. Die begrippe van Muhammad deels konkreet, deels poëties, deel metafisies het die potensiaal ingehou van verdere kontrovers. Deur die beklemtoning te wissel kon 'n koue rasionalistiese, 'n antropomorfiese of panteïstiese godheid voorgestel word.

Omdat ortodokse Islam die transendente van God oorbelemtoon het t.k.v. die immanente sodat affektiewe gemeenskap met God nie moontlik is nie, ontwikkel die Sufisme as reaksie. Die begrip van God word almeer panteïsties. Hierdie panteïstiese invloed gaan veral uit van die Chris-

tendom, Indië en die neo-Platonisme. (Al-Farabi en Avicenna)

Tussen die Judäistiese profesie met die gedagte van God as die enigste ware realiteit, wat apart van sy skepping staan, dit regeer en lei tot Homself en die Samkhya-yoga tegniek, die spekulasies van die Upanishad en die paralelle Bhuddistiese ontwikkelings wat niks betekenisvol i.v.m. God spreek nie, maar alleen die onsterflikheid van die siel poneer, staan die Bhagavat Gita en Zoroaster (en later Islam). Vir die eerste keer in Ariese lande spreek Zoroaster dat die dode in liggaam en siel sal opstaan. Vir die eerste keer in die Indiese godsdiens sedert die Rig-Veda maak liefde sy verskyning as 'n moontlike verhouding tussen God en mens. (Bhagavat Gita) In Islam probeer die Sufis die skeiding tussen God en mens oorbrug deur die begrip i.v.m. God te omvorm tot die panteïstiese.

Vloeiend uit die voorafgaande paragrawe kom ons nou terug tot die vraag: Vervul Christus die begrip van God en die verhouding God-mens, (I-Thou, Buber) by Mohammad en Zoroaster? Dui Christus deur sy kruisdood en opstanding aan die tipe van mistiese weg wat die siel moet bewandel om uit te styg bokant die Atman tot gemeenskap met God? Geleerdes soos Hogg, Zaehner, Zimmern antwoord hierop bevestigend — in Christus vloei die profetiese en mistiese stroom ineen. Dr. Kraemer wys dit af. Sy maatstaf waarvolgens hy 'n waardeoordeel uitspreek is die Christelike of Bybelse. Die epistemologiese probleem van waarde en waarheid dring hier na vore. Dr. Kraemer se beslissing is dat ons godsdiens, filosofiese of wêreldsebeskouing voorafgegaan word deur 'n elementêre beslissing, 'n geloofsdaad wat tot absolute standaard verhef word. In dr. Kraemer se geval is dit Bybelse-realisme. Indien dit die geval is, kan bv. die Muslim ook 'n elementêre beslissing fel wat tot 'n absolute norm verhef word in die lig waarvan die Bybelse realisme dan geoordeel word? Indien Bybelse-realisme ons absolute norm is, kan Islam as godsdiens van die Boek par excellence nie miskien met groter krag aanspraak maak op 'n meer outentieke Koran-realisme nie? Om maar alleen afwysend te staan sal nie deug nie. Ooste en Weste ontmoet mekaar almeer en hierdie ontmoeting dwing die godsdienste tot selfkorreksie, en tot herinterpretasie van die waarheid wat hulle verkondig. Daarom, om die probleem van vervulling in Jesus Christus al dan nie, te kan bespreek, sal hierdie godsdienste van die Ooste, en Midde-Ooste baie meer ernstig moet geneem word veral in ons dag. Ons erken egter dat daar 'n grens is van ons weet. Die kern van die geloof

Vervolg volgende kolom

Jy moet jou naaste soos jousef liefhê

— DS. F. J. BOTHA

Die naaste is die medemens sonder enige nadere kwalifisering. Dit het die Here Jesus ten duidelikste geleer in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan. (Lukas 10 : 25-37). Die wetgeleerde wou 'n definisie van die naaste gehad het waarmee hy elkeen kon benader om vas te stel wie sy naaste is aan wie hy liefde verskuldig is en wie nie. Wie die naaste is is, kan 'n mens egter nie nader omskryf nie; 'n mens kan dit net wees¹). Jy moenie jou naaste volgens 'n voorafbepaalde maatstaf gaan soek nie maar jy moet die naaste wees van elkeen wat barmhartigheid nodig het.

Hierdeur is die Joodse begrip van die naaste grootliks verduidelik. Daar is die naaste netsoos die broer onder die eie volk gevind. (Bv. Jeremia 31 : 34). In die sogenaamde heiligingswet word naaste in dieselfde sin gebruik as die lid van die volk: „Jy mag nie as kwaadprater onder jou volk lede rondgaan nie; jy mag nie teen die lewe van jou naaste opstaan nie: Ek is Jahwe. Jy mag nie jou broer in jou hart haat nie; jy moet jou volkgenoot sekerlik tereg wys sodat jy nie ter wille van hom sonde op jou laat nie. Jy mag nie wraak neem op en nie haatdraend wees teenoor die kinders van jou volk nie maar jy moet jou naaste soos jousef liefhê. Ek is Jahwe”. (Levitikus 19 : 16 — 18). As daarnaas ook nog ten opsigte van die vreemdeling geëls word dat „jy hom soos jousef moet liefhê” (Levitikus 19 : 34; vgl. Deuteronomium 10 : 19), bevestig dit dat dit by die liefde tot die naaste nie oor algemene menseliefde gegaan het nie maar alleen oor liefde tot die medelid van die volk.²) Die vreemdelinge was diegene wat uit hulle stam- of dorpsverband getree het en onder Israel as gaste gewoon het en as sodanig beskerming geniet het.³)

Sommige Joodse geleerdes het betoog dat die ou Joodse sinagoge reeds in die tyd van die Here Jesus onder die naaste alle mense verstaan het. Die bewyse wat hiervoor aangevoer word, hou egter nie steek nie en dit was eers in die tweede eeu na Christus dat hier en daar in die Jodendom stemme in die verband gehoor is.⁴) Dit is nie waar om te sê dat die rabbis reeds geleer het dat die liefde wat teenoor die Joodse naaste bewys moet word ook aan alle mense afgesien van ras, volk of geloof betoon moet word nie.⁵)

VERRUIMING VAN BEGRIP

Tog het daar allens 'n verruiming in die begrip ingetree word deur die woord (plésion) wat meesal in die Griekse vertaling van die Ou Testament vir die Hebreeuse term (rea c) gebruik word. Dit is seker nie toevallig dat hierdie uitdrukking wat heel algemeen is, gebruik word nie.⁶) In die Griekse vertaling van die apokriewe

is die geheim van die gelowige self. Die godsdiens herinner aan die menslike persoonlikheid. Persona beteken oorspronklik: masker. Dit beteken dat die ware ek vir ons onbereikbaar is. So is ook die ware self van die godsdiens 'n heilige geheim. R. Otto skryf: Religion fängt sich mit selber an” Die onherleibare karakter van die godsdiensige bewussyn word hiermee uitgedruk.

boek van Jesus Sirag, wat ons „wel lees en ook daaraan onderrig ontleen vir sover hulle ooreenkom met die kanonieke boeke” (Nederlandse Geloofs-belydenis, artikel VI), staan daar ook: „Elke lewende wese het sy eie soort lief en elke mens sy naaste”. (13 : 15). „Die barmhartigheid van die mens is teenoor sy naaste maar die barmhartigheid van die Here teenoor alle vlees”. (18 : 13)

Dit is egter eers Jesus Christus wat die volle en ryke inhoud van hierdie begrip geopenbaar het. Hy het die kern van die gebod te voorskyn gehaal. Die naaste sluit ook die vyand in. (Matthéüs 5 : 43 — 44). Die naaste word ook nie net onder die eie volk gevind nie. Die man wat aan rowers ten prooi geval het, se naaste is die Samaritaan. (Lukas 10 : 36 — 37). Die gewonde man was 'n Jood en die gebod van liefde tot die naaste moet nie net binne die grense van die eie volk uitgevoer word nie.⁷) In een woord: die naaste is die mens.

LATERE VERENGING VAN BEGRIP?

Nou word dit ook wel betoog dat daar later weer 'n verenging in die begrip gekom het. Die sinoptiese evangelies sou van die res van die Nuwe Testament verskil oor die voorwerp van die liefde. Terwyl Jesus sy dissipels geleer het om liefde aan elkeen in nood te bewys, sou die vroeë kerk die begrip van die naaste weer so vernou het dat dit net op die medelid van die kerk betrekking het. Vanaf die universele eis van Jesus is dit gaandeweg in die briewe van Paulus, Jakobus en 1 Petrus versmal tot dat die einde van die ontwikkeling in die geskifte van Johannes bereik is. Daar sou 'n wêreldwye verskil oor die naaste bestaan tussen Jesus se leer soos ons dit in die eerste drie evangelies vind en soos dit in die res van die Nuwe Testament voorkom. Op die situasie van die kerk vandag in die wêreld sou dit dan so van toepassing gemaak kon word: die posisie van die kerk in Afrika, Asië en Australasië sou meer met dié van die vroeë kerk as 'n klein groepie te midde van 'n vyandige wêreld ooreenkom en hier sou dan net, soos in die vroeë kerk, liefde teenoor die mede-christene gevra word; in Europa en Amerika is die posisie weer nader aan dié van Jesus se optrede in Palestina waar Hy te midde van 'n gevestigde en algemeen-aanvaarde godsdiens gepreek het en hier sou die liefde dan teenoor alle mense geëls word.⁸)

DIE SUIWERE NAASTE-BEGRIP

Hierdie konstruksie kan ons nie aanvaar nie. Dit hou nie

rekening met die verband en die aard van die geskifte waarin van die naasteliefde sprake is nie. As daar liefde vir die broeder, die mede-gelowige, gevra word, sluit dit die liefde vir die naaste tog nie noodwendig uit nie. Sowel in die verband waarin die woord in die briewe aan die Romeine en die Galasiërs voorkom, kry ons melding van „mekaar” en sien dit onteenseglik op die christelike gemeenskap: „Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê”. (Romeine 13 : 8).

„Dien mekaar deur die liefde”. (Galasiërs 5 : 13).

Hierdeur word die verpligting tot wyere liefde egter nie opgehef nie. In die lig van die toestande in die gemeentes lê die apostel net nadruk op die liefde teenoor die naaste-naaste, die broeder. Ook in die brief van Jakobus gaan dit oor wat „in julle vergadering” plaasvind (2 : 2), maar dit is hier ook 'n besondere toepassing van die algemene gebod.

Daarby moet ons nog bedink dat dit nadruklik in Romeine 13 : 9 gaan om die hoof-som en in Galasiërs 5 : 14 om die vervulling van die wet en hierby word daar duidelik aangesluit by Jesus se samevatting sonder dat die inhoud gewysig word. So ook in Jakobus 2 : 8 waar dit om die „koninklike wet” gaan wat afkomstig is van Hom wat as koning regeer en gebied.

Onverswak moet ons dus die naaste-begrip van Jesus handhaaf. Ook deur die vroeë kerk is daaraan nie 'n wysiging aangebring nie. Vir ons in Afrika sou die verpligting dan ook nie geringer wees om ons medemens lief te hê as vir die in ander dele van die wêreld nie.

NAASTELIEFDE EN SELF-LIEFDE

Dat 'n mens jou naaste soos jousef moet liefhê, word soms so vertolk asof dit 'n gebod tot selfliefde sou insluit of minstens dan net goedkeuring aan die eieliefde sou heg. Dan word die gevolgtrekking gemaak dat in afhanklikheid van 'n heilhartige liefde tot God moet die regte verhouding tot die naaste gegrond wees op gesonde selfliefde of selfrespek.⁹)

Dit kan egter nie met goeie reg gehandhaaf word nie. Eerder word die selfliefde hier getemper of gekritiseer. Wat jy vir jousef opeis, word nou die deel van die naaste. In die woorde „soos jousef” kom die absoluutheid van die gebod tot uitdrukking. Hiermee word nie gesê of veronderstel dat die mens homself ook moet liefhê nie.

In die woorde „soos jousef” lê dus nie die grond en ook nie die grens van die liefde tot die naaste nie. Dit is nie omdat jy jousef liefhet dat jy jou naaste ook moet liefhê nie. Dit is Vervolg op bladsy 6

The Interdenominational African Ministers Federation

by Rev. S. S. Tema, President.

The Interdenominational African Ministers' Federation, or IDAMF for short, was established in 1945 because of a deep-felt need among African Christians for their own inter-church organization. Its main aims and objects are:

- (i) to promote the spirit of fellowship and goodwill among African ministers and thus to create an atmosphere of mutual confidence and respect;
- (ii) to co-ordinate all African Christian forces with a view to the more effective propagation of the Gospel among the African people;
- (iii) to arbitrate in cases of dispute when appealed to by the parties concerned;
- (iv) to study and investigate problems connected with the evangelization of the African people;
- (v) to co-operate with all those who work for the spiritual and temporal welfare of the African people;
- (vi) to stand for racial tolerance.

In addition to having affiliated to it the various provincial or regional Interdenominational African Ministers' Associations, IDAMF has at present many individual African Christians of all the main denominations and also of several of the independent (so-called "unrecognised" or "separatist") churches as members.

Thus IDAMF can claim to be the main "spokesman" of practically all African Christians in South Africa and it is regarded in this light by the Government of the Republic which have shown a ready willingness to meet deputations from IDAMF on matters appertaining to the Church.

IDAMF holds annual general meetings at which it considers, in addition to its business affairs, matters which bear upon the every day lives of its members. In 1956, for instance, IDAMF sponsored a conference of African leaders from all walks of life to study

the Report of the Tomlinson Commission as it affected the African people.

FULL TIME SECRETARY

At its recent annual meeting held in Queenstown some very important decisions were taken about the future life and work of IDAMF. Thus it was decided that it had become necessary to have a full-time secretary to handle the increasing work of the organization and at the same time to help to step up its membership, to undertake studies of specific problems affecting African Christians, etc. It is hoped to have a full-time secretary — an ordained African minister — as from January 1st, 1963 in an office somewhere in Johannesburg.

According to the latest statistics, there are still about 4 million Africans in South Africa who have not yet accepted the Gospel of our Lord Jesus Christ and, together with other denominations, IDAMF wishes to bring the Gospel to these people.

"INDEPENDENT" CHURCHES

Then, too, it is a painful fact that the more than 6 million African Christians in South Africa are to-day divided into no less than 78 "recognised" churches, that is churches which enjoy government recognition in respect of church sites, marriage officers, etc., but also over 2000 so-called "unrecognised" or "independent" churches to which over 1½ million Africans belong. IDAMF regards the unification of these churches as one of its most important tasks and it is already meet-

ing with some measure of success due to the fact that it enjoys the practical support of many of the African Christians in these churches. IDAMF is most anxious that studies be undertaken into the causes of this splintering in the African Church and it has undertaken to collaborate in studies which are being planned for the near future.

UPLIFTMENT OF AFRICAN CHRISTIANS

But IDAMF has an additional function which is, perhaps, not a primary function, but nevertheless one of the greatest importance to African Christians. I refer to the task of the social, educational, economic and even political upliftment of the African Christians and potential Christians. It is clear to us in IDAMF that the Light of the World, our Lord Jesus Christ, makes the light to shine upon every facet of the life of His children. It was He who promised His followers "the more abundant life", and in His actions on earth He was always

concerned with the physical as well as the spiritual well-being of His followers. In this regard we have, as Africans, always been impressed by the rôle which the Dutch Reformed Churches have played in the social, economic, educational and political upliftment of the Afrikaner people.

In working for the fulfilment of its aims and objects IDAMF is most anxious to co-operate with all churches and church organisations. It is affiliated to the Christian Council of South Africa and it looks forward to the day when it will be able to co-operate actively with the Dutch Reformed Churches also.

Kerk en Wêreld

1. Vereenselwiging Noodsaaklik

— DS. A. J. VAN WYK

HIERDIE IS DIE EERSTE VAN 'N REEKS VAN VIER ARTIKELS UIT DIE PEN VAN DS. A. J. VAN WYK VAN DIE NED. GEREFORMEERDE KERK, STELLENBOSCH. DIE TWEDE SAL HANDEL OOR: "VEREENSELWIGING IN DIE PRAKTYK" EN DIE DERDE OOR: "VEREENSELWIGING MET DIE ALGEMENE KERK".

Die probleem van kommunikasie tussen Kerk en wêreld het in die afgelope tyd ernstige afmetings aangeneem. Die sekularisasie van die samelewing in ons stamlande, die verwerping van die aansprake van die Christendom as verouderd en uitgedien, die opkoms van die massa-mens, en die opbloei van heidense godsdiens en van nuwe lewensfilosofieë, waarvan die kommunisme en die nie-Christelike wetenskaplike wêreldbeskouing die twee belangrikste is, het meegebring dat dit vir die Kerk al moeiliker geword het om die boodskap te bring in 'n taal wat vir die moderne mens verstaanbaar is. Daar het eenvoudig 'n wye breuk gekom tussen die denkrigtinge van die Kerk en van die maatskappy, en dit word al moeiliker om die boodskap van die heilswaarhede van die Christelike godsdiens aan die wêreld te bring.

Hoewel hierdie probleem in Europa en dele van Asië groter geword het as in ons vaderland, worstel ons vandag in toenemende mate met dieselfde vraagstuk.

Vir die vroeë Christendom het die probleem in geen geringe mate bestaan nie, en tog is dit opgelos. Tot so 'n mate is die antwoord deur die kerk in die eerste eeue gevind dat die eerste gemeentes dit reggekry het om die denke en gesindheid van mense so te verander dat hulle al meer losgemaak is van hulle eiegeestige en heidense opvattinge, en hul liefde gaan heg het aan 'n heiltemal nuwe stel waardes, sodat die Romeinse ryk en kultuur algaande deurdring is van die Christelike lewensfilosofie.

Die vraag is dan of ons nie vandag ons oplossings gaan soek het in allerlei gekunstelde pogings om die wêreld te bereik nie, en die wesenlike optrede wat die kommunikasiekloof moet oorbrug, ignoreer het nie.

In sy hoëpriesterlike gebed sê Christus (Joh. 17 : 18) dat Hy sy volgelinge in die wêreld stuur soos Hy deur die Vader in die wêreld gestuur is. Hy spreek dus van 'n sending na en in die wêreld, 'n aanraking met die wêreld om dié tot die nuwe gemeenskap met God deur die offer van die kruis te roep. Opvallend is dat Hy die sending van sy kerk vergelyk met sy eie sending, en in sommige opsigte gelykstel met sy eie sending.

Hierdie opdrag word na sy opstanding herhaal (Joh. 20 : 21). Dit is duidelik dat dié sending van die kerk nie is tot selfopoffering waardeur die sonde van mense plaasvervangend gedra word nie — alleen die Seun van God kon dit doen. Die sending beteken ook nie slegs 'n geografiese verkondiging nie, want die sending van Christus het baie meer as dit ingesluit. Wat is daar dan in die koms van Christus wat ge-

lykstaan aan die opdrag aan sy kerk?

CHRISTUS SE VEREENSELWIGING

Die antwoord vind ons in die briewe van die apostels. In Filip. 2 : 5—8 beskryf Paulus die „ontlediging” van die Seun van God in sy menswording, en wys daarop dat Hy die gestalte van 'n dienskneg aangeneem het, en aan mense gelyk geword het, en in gedaante gevind is as 'n mens. Christus het Hom vereenselwig met die sterwende, opstandige, verdoemde mensheid. Hy het met hulle een geword, een in hul sonde (Rom. 8 : 3, 1 Petr. 2 : 24, 2 Kor. 5 : 21) en swakheid, in hul frustrasie en versoekings (Hebr. 4 : 15) en in hul dood (Rom. 5 : 6—11) sodat Hy deur die krag van die opstanding almal kon red wat uitverkies is, en hulle in staat kon stel om Hom te dien (1 Petr. 2 : 9).

Wanneer die Skrif die gelowige dan vermaan om dieselfde gesindheid te hê wat daar in Christus was (Filip. 2 : 5) en om die gemeenskap van sy lyde te ken (3 : 10), wil dit ons opwek tot dieselfde vereenselwiging met die wêreld wat daar by die vleesgeworde Seun van God was.

Soos reeds gesê, is hierdie vereenselwiging geen plaasvervangende nie, want Christus alleen kon in dié sin vir die wêreld ly en sterwe, maar om een te word met die wêreld in sy frustrasie en onmag en vrees, en in die opstandingskrag wat in sy volgelinge woon die antwoord op die probleem van die nie-Christelike mens te gee.

Hierdie solidariteit met die wêreld vereis 'n sekere gesindheid by die kerk. Allereers moet daar 'n besef wees dat daar buite Christus om geen redding is nie. Uit genade alleen is ons gered. Ons is uit die wêreld soos uit 'n vuurbrand geruk (Jud. 23), en be-

kleë ons posisie as gelowiges alleen kragtens die genade wat God ons betoon het. Om dié rede moet ons ons eenheid met die wêreld besef, 'n eenheid van skepping (Hand. 17 : 26) en van lotgemeenskap totdat die herskepping en die nuwe verhouding van kindskap teenoor God deur Christus bewerkstellig is.

TOERUSTING VAN DIE HEILIGE GEES

Verder moet ons besef dat die toerusting van die Heilige Gees die antwoord gee, nie alleen aan onself nie, maar ook aan die wêreld waarmee ons ons vereenselwig. Daarom is die toerusting altyd belowe vir die taak van getuënis (Luk. 24 : 46—49; Joh. 20 : 21—2, Hand. 1 : 8).

Hierdie solidariteit met die wêreld beteken allermens dat beginsels of oortuiging of heilige lewenswandel prysgegee word, maar verg 'n offer van selfvernedering en selfverloëning wat die finale eis aan die gelowige se navolging van Christus stel.

Die vraag kan dan wel gestel word of die probleem van gebroke kommunikasie veroorsaak is deur die faktore wat ons aan die begin genoem het, en of dit nie ook grotendeels die skuld van die kerk is nie. Die kerk het hom wel nie geografies uit die wêreld teruggetrek nie, maar in weerwil van Christus se gebed (Joh. 17 : 15) en opdrag (Mark. 16 : 15) hom dikwels geestelik van die wêreld geïsoleer.

As die kerk aan sy opdrag gehoorsaam wil wees, moet hy gewillig wees om die eise van navolging en kruisdra na te kom. Oor die praktiese implikasies van vereenselwiging met die wêreld vir ons situasie in Suid-Afrika skryf ons in 'n volgende artikel.

(word vervolg)

Vervolg van bladsy 5

ook nie dat jy jou naaste net soveel as jouself moet liefhê nie. Veeleer word daardeur die onbeperktheid en onbegrensdheid van die liefde aangedui. Op die wyse waarop jy jouself liefhê, moet jy ook jou naaste liefhê. So mateloos, so onberekenend en so spontaan as wat 'n mens sy eie heil soek, moet hy dit ook vir sy naaste soek. Die naasteliefde moet so sterk wees soos die natuurlike selfliefde gewoonlik is sodat die mens uit sy self losgeruk word. Dit moenie om die self gaan nie maar om die naaste.

„Alles dan wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, so moet ook julle aan hulle doen. Want dit is die wet en die profete”. (Matthéus 7 : 12) „Jy moet jou naaste soos jouself liefhê.” (Matthéus 22 : 39).

1. F. J. Leenhardt, *La parabole du Samaritain*, in: *Aux sources de la tradition chrétienne*, 1950, bl. 136.
2. H. L. Strack und P. Billerbeck, *Das Evangelium nach Matthäus*, 1961, bl. 353.

3. L. M. Muntingh, *Die begrip „Gêr” in die Ou Testament*, in *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, deel III, nr. IV (September 1962), bl. 556.
4. H. L. Strack und P. Billerbeck, a.w., bl. 354v.
5. C. G. Montefiore, *Rabbinic Literature and Gospel Teaching*, 1930, bl. 68.
6. J. Fichter in G. Kittel und G. Friedrich, *Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament*, Sechster Band, 1959, bl. 313.
7. E. P. Groenewald, *In Gelykenisse het Hy hulle geleer*, 1954 bl. 119; E. P. Groenewald, *Die Christelike broederskap volgens die Heilige Skrif*, in: *Arcana Revelata*, 1951, bl. 27.
8. Hugh Montefiore, *Thou shalt love the Neighbour as Thyself*, in: *Novum Testamentum*, Vol. V, Fasc. 2/3 (Julie 1962), bl. 157v.
9. A. B. du Preez, *Die Skriftuurlike Grondslag vir Rasseverhoudings*, 1955, bl. 14v.
10. H. N. Ridderbos, *Het evangelie naar Matthéus*, tweede deel, in: *Korte verklaring der Heilige Schrift met nieuwe vertaling*, 1954, bl. 62.

Sienswyse van Lesers

Apartheid by die opvoeding van die mens

My antwoord aan prof. Geysers
Prof. Geysers stel 'n aantal poppe op en dan gooi hy hulle om en so behaal hy gemaklik 'n skitterende oorwinning. Prof. Geysers veroordeel ideologie, probeer die indruk skep dat alles wat in verband met enige ideologie staan noodwendig vals is, dat daar geen greintjie waarheid in enige ideologie kan bestaan nie, beweert dan dat die eise, wat ek aan volksoopvoeding stel met 'n ongenoemde ideologie in verband staan en laat dan aan sy lesers oor om die nodige gevolgtrekking te trek. Prof. Geysers behaal 'n skitterende oorwinning in die debat teen prof. Geysers.

Prof. Geysers is vreeslik begaan oor die woorde: „ons neem aan”. Vir my is dit net 'n sterker uitdrukking van „ons glo”. My premisse is: „ek neem aan dat God oneindig van mag is, dat sy wêreldbestuur absoluut, doelmatig en goed is”. As prof. Geysers dit nie aanneem nie dan moet hy natuurlik van my verskil en sal die artikel vir hom ook geen waarde besit nie.

Hy trek te velde teen die opvoedkundige eis wat ek stel, dat elke mens opgevoed en voorberei moet word tot die diens van sy eie volk in die EERSTE PLEK. Prof. Geysers veroordeel die eis, dat elke kind opgevoed sal word tot die diens van die eie volk in die eerste plek. Maar ek sou baie graag van hom wil weet presies wat dit is wat hy veroordeel. Veroordeel hy die opleiding tot diens OF veroordeel hy die diens van die eie volk. Verder sou ek wil weet of hy opgelei is tot diens van sy eie volk en of hy diens aan sy eie volk bewys het? Laat ons aanneem, argumentshalwe, dat my stelling heeltemal verkeerd is, dat prof. Geysers gelyk het en dat geen mens opgevoed mag word tot die diens van sy eie volk in die eerste plek nie. Watter koers moet ons nou insaan? Ek sien alleen twee moontlikhede:

Ons mag geen mens tot diens voorberei nie, of ons mag mense voorberei tot diens van 'n vreemde volk, bv. die Eskimo, die Jood of die Neger, ens., maar onder geen omstandighede tot die diens van die eie volk nie. Prof. Geysers behoort dan 'n vurige voorstander te wees van die stelsel, wat wil dat ons die Bantoe sal oplei om diens aan die blanke groep te bewys op geneeskundige of regsgeleerde gebied, om maar twee te noem. Maar ek sou prof. Geysers se aandag wil vestig op die feit, dat dit onmoontlik is vir die Bantoe om vandag diens aan ons op hierdie gebied te bewys. Diens bestaan in die vervulling van 'n behoefte en ons het geen behoefte aan Bantoe-regseleerdes of -geneeskundiges nie, maar by die Bantoe self bestaan daar 'n groot behoefte aan hierdie dienste vir hulle eie ras. Geen blanke het die Bantoe nog ten volle verstaan nie. Ook wil ek noem, deur op te voer vir die vreemde verloor die eie volk sy natuurlike leiers.

Prof. Geysers beskuldig my daarvan dat ek 'n ideologie verkondig en dat elke ideologie noodwendig uitloop op 'n ver-

valsing van die Christendom of op loëning daarvan. Hy huldig saam met andere ook 'n ideologie, 'n rasse-ideologie van gelykmaking, nivellering, internasionalisme of nasionalisme, met eintlike minagting van die eie. Hierdie ideologie is ook nie iets nuuts nie. Die geestelikes Reid en Van der Kemp het dit ook verkondig. As ons dus aanneem dat sy betekenis van 'n ideologie korrek is, dan maak hy hom skuldig aan die loëning van die Christendom, om sy eie woorde aan te haal.

My stelling is dat ons by die eie moet begin. Dan volg: „elkeen wat weier om waar moontlik tot die gesonde vooruitgang van 'n vreemde groep by te dra, is ontrou aan ons land”. Begin dus eers by die EIE volk en dan verder (bladsy 2, tweede kolom, paragraaf 3 van my artikel in Pro Veritate van 15 Julie 1962). Vir hierdie stelling is daar genoegsame bewyse in die Woord van God. Behalwe die reeds aangehaalde tekste in my artikel nog die volgende. Rom. 1 : 16: „EERSTE vir die Jood”. Ook Hand. 13 : 46: „dit was noodsaaklik dat die Woord van God aan julle eers verkondig moes word”. Lees verder: Hand. 14 : 1; 16 : 13; Hand. 17 : 17; 18 : 4, 5; 19 : 8; Gal. 16 : 10; 1 Tim. 5 : 8; Lukas 24 : 47: „Van Jerusalem af verder”. Paulus self begin by die Jode in die sinagoge. Jesus self leer: „Begin by Jerusalem”. Sy bedoeling is: God is ook daar vir die heidene en nie net vir die Jode nie. Dit het ek ook dwarsdeur in my artikel benadruk.

Ek is saam met prof. Geysers bly dat Paulus ook na die heidene gegaan het. Dit is die opdrag van die Meester, maar nadat die eie eers toegerus was.

Prof. Geysers sê verder dat Jesus aan 'n Kananese vrou gesê het: „Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel”, maar die sistaat is foutief. Christus het die woorde tot sy dissipels gerig. Prof. Geysers wys daarop dat Hy haar kind en ook die kneeg van 'n Romeinse offisier genees het en dat Hy in albei gevalle die grootheid van die geloof geroem het. Is dit nie juis die rede waarom Hy hier 'n uitsondering gemaak het nie? Wat die verklaring ook mag wees, ons lees van hierdie gevalle, maar daarteenoor staan die tallose gevalle van genesing onder sy eie volk. Wie kan ontken dat Hy die grootste deel van Sy tyd en kragte aan die diens van sy eie volk gewy het? En tog beweert prof. Geysers: „nie Jesus nie... is in die eerste plek na die eie nasie en ras gestuur nie”. Het Jesus dan die waarheid verdraai? En het Petrus dit mis wanneer hy beweer: „God het, nadat Hy sy Kind Jesus opgewek het, Hom eers vir julle gestuur om julle te seën deur elkeen te bekeer van sy boosheid?” (Hand. 3 : 26).

Prof. Geysers skrywe: „Dit leer die Bybel nie, hierdie bewysing van die waarde nie”. So, en wat dan van die digter in Psalm 8, daardie beklemtoning van die waarde en betekenis van die mens as skepsel van God. „U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n god-

delike wese en hom met eer en heerlikheid gekroon”. En hierdie digter beëindig sy loflied met die woorde: „O Here, onse Here, hoe heerlik is U naam op die ganse aarde”. En wat van Christus self, ten volle bewus van sy sending en funksie. Ons het so daaraan gewoon geraak om van die nederigheid van Christus te hoor, dat ons geneig is om te vergeet, dat woorde in die loop van die eeue hulle betekenis kan verander. Hy het met tollenaars en sondaars geëet, maar volgens Johannes, was dit omdat hy ten volle van Sy waarde oortuig was. Hy het die voete van sy dissipels gewas, maar neem die verklaring wat Johannes aan hierdie geval heg: „Jesus omdat Hy wis dat die Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy van God uitgegaan het en na God heengaan...” En 'n bietjie later het Hy aan sy dissipels gesê: „julle noem my Meester en Here, en julle is reg; want ek is dit”.

Wanneer ek die eis stel dat die jeug van alle volke en rasse opgevoed sal word tot bewusyn van sending, van waarde en krag en van saamhorigheid met die eie gemeenskap, dan doen ek dit omdat ons hierdie houdinge vind in die optrede van ons Heer en Meester. Prof. Geysers mag dit ideologie noem, ek beskou dit as waardevolle deel van die leer van die Seun van die Mens.

Indien prof. Geysers beweer dat die Nasionaal-sosialisme hierdie waarhede verkondig het, dan het hulle tog nie daardeur tot onwaarhede geword nie.

Prof. Geysers veroordeel dit, dat die Nasionaal-sosialisme die roeping van die germaanse ras beklemtoon het. Nou ja ek glo nie eintlik aan roeping nie, maar wel aan sending. En dit is seker nie in stryd met dit wat die Bybel leer nie. Die Ou Testament beklemtoon gedurig die opvatting dat Israel 'n uitverkore volk met 'n bepaalde sending was. Of neem prof. Geysers nog aan, dat die Jode die enigste volk ooit was met 'n eie sending? Sou prof. Geysers dan wil beweer dat dit onbybels vir ons is om aan te neem dat ons volk hier in Suid-Afrika 'n sending het?

Ek word gedwing om aan prof. Geysers die verwyte te maak, dat hy my woorde verdraai. Ek het die woorde van

Die Nagmaal as Simbool van Eenheid

Geengte Redaksie,

Allereers wil ek my groot waardering uitspreek oor u blad. Dit blyk duidelik uit die onderwerpe dat die Reformatoriese Christene baie begaan is oor die gespletenheid, die onenigheid en daarom in wese die onchristelikeheid in ons kerke.

Nou is dit al enige tyd dat ek as leek 'n betere insig verlang in die oorsake van hierdie splittings, wat onmoontlik te vereng is met die leer van Christus.

Christus aangehaal: „Gaan liever na die verlore skape van die huis van Israel” en nou wil hy die indruk skep dat ek dit as algemene en onveranderlike gebod voorgestel het. Maar daardie woordjie „liever” toon tog duidelik aan dat dit nie as absolute gebod opgevat mag word nie; waar 'n keuse egter moontlik is, gaan dan liever na jou eie mense. Dieselfde gedagte het ek uitgedruk met die woorde: „in die eerste plek”.

Prof. Geysers haal die woorde aan: „Geen Jood of Griek... geen man of vrou”, maar dit is duidelik dat hy nie insien dat die laaste woorde „geen man of vrou” die sleutel aanbied vir die interpretasie van die woord „geen Jood of Griek”. Paulus wou nie die liggaamlike verskil tussen man en vrou ontken nie of die verskil in liggaamlike funksie nie; ook op maatskaplike gebied beklemtoon hy die verskil van funksie van die vrou, hy wil bv. nie hê dat sy in die gemeente sal praat nie; in een opsig is man en vrou gelyk, albei is skepsele van God. Maar dit vernietig nie die natuurlike, deur God bepaalde verskille van geslag of ras nie.

Ek sluit af met 'n aanhaling uit die Kerkbode van 19 September 1962: „En nou weet die Afrikaner dat sy bestaan en strewe in die pad staan van sekere leiers in die wêreldpolitiek. Hy weet ook dat sekere kerkmanne met die eenheids-gedagte ooploep gesit het en dat vir die eenheidsstrewe die volks-trou moet swig en dat uit naam van Christelike broederskap die handhawing van sy Afrikanerskap veroordeel word... net asof Christelike en volksverbondenheid onversoenlik is. Maar juis omdat dit vir hom hier geen teenstrydigheid is nie en hy daarom nie sy volks- en kultuurverband wil of sal verloor nie, sal hy uit die pas wees met diegene wat dit wel van hom verwag, hoe Christelik hulle hul oë wil voordoen”.

J. Heyl.

Dit het my getref dat in ons Afrikaanssprekende kerke die Heilige Nagmaal so min gevier word. Ook het dit my opgeval dat juis Reformatoriese kerke van die Presbiteriaanse tipe so onderhewig is aan splittings — miskien nou 'n bietjie minder as vroeër. Opvallend is dat die Reformatoriese kerke van die Lutherse tipe glad nie so baie gesplitsings het as die Calvinistiese kerke nie.

Ek het my afgepraat of daar nie miskien 'n korrelasie kan bestaan tussen die splittingsgees van die Calviniste en hulle verwaarloosing van die Heilige Nagmaal nie. Miskien is dit nodig om te verduidelik.

Vergelyk die Christene met stoottroepe van Christus, hoewel seker nie in die militêre sin van vernietiging nie. Militêr gesien het die stoottroepe die taak om deur te stoot in die vyandelike stelling om dan so gou moontlik daarna 'n basis te vorm vir die volgende stoot. Hierdie basisvorming is konsolidasie. Konsolidasie is die stilstand in die aksie van die stoottroep en is in karakter passief. Die stoottroep kry dan kans om uit te rus of te eet. Die apostel Paulus praat ook van die soldat van Christus. Ons kry die opdrag om die Evangelie te bring oral en altyd. Maar nadat 'n gemeente gevorm is, kan 'n mens vergelykenderwys sê dat die stelling geneem is en kan daar dan alleen gerus word om die volgende stelling te neem.

Met ander woorde dan konsolideer die gemeente van Christus. In die afgelope eeue het die Calvinistiese kerke bly veg en mekaar se stelling bly neem sonder om te konsolideer. Is die mooiste simbool van konsolidasie van die geloof nie die Heilige Nagmaal soos dit ons ken nie? Om saam te gedenk dat Christus gesterf het aan die kruis vir ons kwaad en om saam met die gemeente te mag besef dat deur die eenheid in Christus ook die volkomenheid van die wet tot lewe kom. Dit het Calvyn ons uit die Heilige Skrif duidelik gemaak en hy het volgens Hand. 20:7 elke week die Heilige Nagmaal gevier. Die viering van die Heilige Nagmaal saam met ons Calvinistiese broeders allereers kan miskien tot gevolg hê dat ons eendelik weer een kan word in Christus.

Ek sou dit baie waardeer as ek toeligtig hieroor kon kry van bevoegde teoloë wat hieroor kan oordeel.

NIC LAMBOUY

Exeterstraat 23,
Robertsham,
Johannesburg.

OP PAD...WAARHEEN?

Dr. J. A. Schutte.

'N DODELIKE VERMOEIDHEID

Een van die benouenste vrae wat swaar druk op die gemoed van elke denkende mens is: Waarheen beweeg die stroom van die gebeure? Sit daar enige plan of doel in die geskiedenis of is dit 'n sinlose beweging op en neer sonder lyn of samehang, 'n oewerlose, vormlose oseaan? Is die groot wêreld en ons daarop reisigers na nérens, veral nou dat ons bedreig word deur 'n wêreld-omvattende, radikale vernietiging deur kernkrag of deur geweld van uit die onbekende ruimtes wat ons aarde omsluit. Is die spel van wilde onbetuende toevalsmagte moontlik bepalend vir die geskiedenis of het die sogenaamde ban van

die noodlot daarmee iets te doen? Of is die loop van die geskiedenis onderwerp aan die onveranderlike wette van die natuur, aan 'n sirkelgang van opgaan blink en versink, aan 'n vermoeiende, nooit eindigende herhalingskringloop? Moet ons met Spengler vertwyfeld, konstateer dat ons kultuur vasgevat is in 'n dergelike kringloop van lente, somer, herfs, en dat ons nou op die punt staan om in winterdoodsheid onder te gaan? En as dit die geval is, pas dit ons dan om na die raad van hierdie wysgeer-denker te luister en te berus in die onvermydelike wat hom na hierdie laaste fase van 'n moeë sterwende beskawing, tewens 'n situasie waar die tegniek en diktator gaan oorneem? Het

ons al aangekom by die skaduwees van môre? (Huizenga).

ANGS EN VERTWYFELING

Die onsekerheid, die gevoel van „nie weet waarheen nie”, van dreigende ondergang vir die wêreld, en veral vir die Ooste druk menigeen neer onder die gewig van wanhoop en vertwyfeling. Ons, het iemand gesê, verkeer in 'n skeermessituasie. Agter ons die verskrikkinge van die tweede wêreldoorlog met die demonië van konsentrasiekamp en vuurpeloton, van mense-ontworteling op 'n massale skaal. Voor ons doem uit die onbekende toekoms op duisend verskrikkinge.

Vervolg op bladsy 8

Vervolg van bladsy 7

Mense stik van angs, angs vir die medemens, vir die afgronde waarheen ons onverbiddelik meegevoer word.

EN DIE CHRISTENE VAN ONS DAG?

Ons moet, helaas, toegee dat ook onder ons Christene gevaarlike, bedenklige tekens van geestelike vermoedheid opgemerk kan word, dat ons, jammer genoeg, globaal geneem, in die „Christelike” Weste so bitter teleurstel. Wat kon, aldus Prof. Berkouwer, Pres. Eisenhower aan Chroestjof getoon het van 'n fiere moedige doelgerigte Christendom by laasgenoemde se besoek aan die V.S.A. Die diktator het magtige industriële te sien gekry en was teenwoordig by 'n vertoning van „Can-Can-dance” maar het min gesien van die geestelike glorie en geestelike mag van Christus by sy belyers. Wat meer is: Is ons Christene vry van vrees, van angs wat mense tot in hare en naels aantast? Ons moet eerlik beken dat meeste van ons in ons gemoedere besmet is met dieselfde nare onlusgevoel van onsekerheid, van vertwyfeling. Selfs Christenmense word benoud by die beleving van wilde, stormagtige, verwarrende gebeure wat al te dikwels die indruk van die chaotiese skep. Die gevolg is dat ook in ons kringe mense weerloos en hulpeloos voel by die lees van die groot kopstukke van die koerant, by die aanhoor van skokkende, verwarrende radiobrigte. Dit lyk soms asof meeste Christusbelyers van ons dag in die storms hulle hemelse Vader kwyt is, asof hulle nie opgewasse is teen die bliksemnelle veranderings wat in rasende tempo verbydreun nie.

WAAROM?

Baie van ons mense het hulle Christelike perspektief verloor omdat daar te veel afhanklikheid is van die aardse, die wêreldse, die tydelike. Ons het nog nie geleer om te besit asof ons nie besit nie. Ons hoop en verwagting styg of daal gevolglik met die op- en neergang van gebeure in ons guns of onguns, veral na materiële voordeel of fisieke veiligheid beoordeel. Ons maak, het iemand gesê, te veel staat op die Amerikaanse Sesde Vloot, op politieke en ekonomiese vooruitgang, op die mag van die Staat, op nasionale prestasies. Hoe belangrik al hierdie dinge mag wees, die Christelike hoop en verwagting, die perspektief van die gelowige, gaan tog seker daarbo uit!

DIE VERSKRILIKKE ALTERNATIEF

En nou beleef ons 'n situasie dat teenoor hierdie pessimistiese beoordeling van die wêreldgebeure 'n vreemde geloof, 'n nuwe ideologie homself as alternatief aandien vir 'n moeë gefrustreerde wêreld. Dit is naamlik die bekende nuwe credo wat die mens van ons tyd verlei, te wete die Kommunisme, in sy wese ateïsties, onargisties, radikaal, revolusionêr. Juis omdat die Kommunistiese denke die vroeë na die sin en doel van die geskiedenis op baie konkrete wyse beantwoord, is dit 'n uiters gevaarlike konkurrent vir die Christendom. Volgens hierdie nuwe leer tog dryf die stryd van die klasse die geskiedenis voort, totdat die kapitalistiese stelsel eenmaal finaal ineenstort, en die rykdomme in die skoot van die arbeidersklasse val. Dan

At the 1962 Assembly of the Congregational Union of South Africa, the Chairman, the Rev. G. Owen Lloyd, B.A., delivered the following address on

UNITY, EQUALITY AND EXCELLENCE

A recent book on France closes with the problem of the independence of Algeria. The final photograph of the book shows the wall of a house in Algeria on which had been painted in tall letters the French words for "Yes, liberty, equality and fraternity". It is the use of the word "yes" in front of the slogan of the French revolution that will serve to introduce what I have planned to say.

Three triads of ideas —

(1) Liberty, equality and fraternity

The battle-cry of liberty, equality and fraternity has been exploited for almost two-hundred years by all kinds of people with political axes to grind. But in this photograph a new meaning is created by simply adding the word "yes" in front of the French motto. It appears that the propagandist who painted the words on the wall, was expressing this sense of disillusionment in the failure of his opponents to practise what history had taught. By adding the word "yes", he was saying that the

breek die ware Paradysheerlikheid aan, die hemel op aarde, wanneer die stryd tussen mens en natuur, mens en mens, tussen enkeling en gemeenskap vir altyd bygelê sal wees. Selfs onreg en misdaad sal in hierdie utopie verdwyn. Hier het ons 'n toekomsvisie wat die menslike gees bekoor.

Na hierdie wonderbestaan beweeg, volgens die Kommunisme, die geskiedenis onberoeplik, en hierdie toekoms ideaal is 'n brandende visioen wat die hart van elke Kommunist verwarm. Dit stel hom in staat om die grootste en swaarste offers op die altaar te lê. Dit maak dat hy met die grootste prestasies voor die dag kom.

'N DILEMMA VAN WERELDOMVANG

Dit staan dus nou so: Aan die een kant is die perspektiewe van die Westerse in hoë mate vertroebel, vaag, onseker; daar is insinking te bespeur, omdat daar geen sin of doel in die geskiedenisstroom vir die meeste te ontdek is nie. Daarteenoor stel die Kommunisme sy stralende toekomsverwachting wat met gloed geleer en verbrei word. En wat die huidige wêreldsituasie vir die Weste so gevaarlik maak, is die feit dat die Kommunisme juis ook om hierdie rede vir die volke van Asië en Afrika so 'n groot bekoring word, nou dat hulle uit 'n eeueelslaap ontwaak het. Geestelik losgewoel uit allerhande bindinge vra hierdie nasies: Waarom? Is die Weste in staat om naas die baie dollars, aan hulle toegesê, vir dié mense 'n geestelike anker te bied, hulle die groot doelpunt van alle gebeure te laat sien of sal die Kommunisme hulle keuse wees, omdat dié hulle 'n geestelike houvas bied, hoe droewig die gevolge vir die ontwaakte Afrika en Asië ook mag wees die verskrilike feit naamlik dat hierdie ideologie hulle op die pad wegstuur van bloedige revolusies, van die tirannieke diktatuur, van verslawing en ontmensliking van die mens. Dit is die ontsettende erns van die huidige wêreldsituasie, ook vir ons in Suid-Afrika.

(word vervolg)

like a gentleman and told the woman that she was free to go home.

That afternoon, however, he found himself shadowed by this freed slave. By the end of the day he realised that although the woman had been set free, she did not know what to do with her freedom. The prospect of living a life of responsibility and independence was too painful for her. So he took her home to his farm and he, and later his son, cared for her until she died, a free and faithful servant.

The message of the Church of Christ to those who cry raucously for freedom, is that freedom by itself only leads to destruction; but freedom as an instrument dedicated to the cause of unity, equality and excellence, is an essential element of the fullness of life which is the aim of every devoted Christian. No better example of the personal application of this principle can be found than the life of James, the brother of our Lord Jesus Christ. Although he could claim to be the actual brother of our Lord, he described himself in his letter in the Bible, as the bondservant of Christ. His teaching of the perfect law of liberty was not a matter of logical argument only, but of deep spiritual experience.

The Second Triad — Sympathy, charity and fraternity.

In contrast to that picture there is the speech made by the French writer, Victor Hugo, in 1848. He had been invited to plant a Hree of Liberty in Paris. In his speech, he reminded his audience that sixty years previously the people of France had called for liberty, equality and fraternity. The actual effect of the clarion cry was a revolution marked by destruction, suffering and death. Out of that painful experience had come a despairing call for sympathy, charity and fraternity.

The Third Triad — Freedom, parity and partnership

In our day the cries for freedom, parity and partnership echo and re-echo across the continent on which we live, and the Church of Christ must take notice of the frustrated anguish that forces these desperate demands out of people who are concerned about the future of their children and their children's children. Warned by the suffering that followed the French revolution, Victor Hugo changed the aims of the imperious populace of France to sympathy, charity and fraternity. In like manner the purpose of my address tonight is to indicate that the answer of the Church of Christ in Africa to the demand for freedom, parity and partnership is unity, equality and excellence.

1. Freedom under Unity

(a) The Use of Freedom.

In the first place, the church maintains strongly that freedom is an instrument, not an end in itself.

A historian from the Eastern Cape has recorded a story of how a European farmer stopped his wagon in the Market Square of Grahamstown many years ago when legal slavery was still practised in South Africa. Whilst the oxen were being outspanned he heard an actioneer selling slaves and went along to see what was going on. A Mozambique woman was up for sale but nobody wanted her. To start the auction going, he called out a ridiculously low bid, and then set out for the stores. He noticed during his shopping spree that each time he came out of a store, this slave woman was waiting outside. When he returned to his wagon, the auctioneer approached him and demanded the price he had bid for the woman. As there was not much money involved, he paid up

and children had to be given the first places in the life-boats. "Funeral order" meant that, if there were any places left, priority was to be given to the younger men in order of age. The traditional "Birkenhead drill" started when the ship "Birkenhead" was wrecked off Danger Point, near Hermanus. The British troops on board were ordered to stand fast on the deck of the sinking ship until the women and children were saved. That traditional order has prevented panic aboard many a sinking ship ever since.

"Birkenhead drill" has no place in mercantile law; nor will you find it in any log-book on navigational aids. But every British sailor knows what it means. That is the kind of tradition that disciplines freedom — a tradition with built-in controls, a tradition with a sense of the greater need of the community.

If the freedom now demanded in Africa, will respect that kind of tradition and if it is prepared to incorporate the rights of minorities, the recognition of the good of local communities and the freedom of choice for individuals in its practice, then I am all for it. But here and now I have to admit with regret that I have not read in the newspapers of any such movement as yet. If there is one, the leaders are surely hiding their light under a bushel-basket.

Let us cry for freedom. But before accepting it, we must ask ourselves if we are prepared to use it as an instrument for unity, equality and excellence.

(d) Unity in Service.

I have said that freedom should be subjected to unity. But it is necessary to be quite clear in our own minds what kind of unity we want. There is the kind of unity that binds "yes-men" to their boss. It is easily achieved by brain-washing the population through the radio, the press and the educational system, until one day human nature revolts, and the very uniformity of the people drives them mad.

They will be like the singing sands of the Namib desert. There is a certain patch of sand there that drives horses mad when they are galloped over the area. It appears that as the horses hooves crunch into the sand, the grains give out a highpitched musical note. Because the grains are of uniform size the note is amplified to a terrifying sound which is detectable by horses but not by men. The cause of the madness is the uniformity of the size of the sand-grains.

That is not the kind of unity we want as Christians. Unlike the grains of desert sand that are ground into uniform size by the constant bergwinds moving them from one heap to another, the unity of man is found in the fact that he is created in the image of God. Within that image he inherits the power to create, the ability to judge and the longing to love. It is perfectly obvious that mankind can be dragooned into any kind of co-operative effort, particularly if it gives men the idea that their co-operation gives them strength. The only real unity in life is the unity resulting from the image of God within us.

(To be continued)

Gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Oñnlaan, Potchefstroom, vir die eienaars en uitgewers, Pro Veritate (Edms.) Bpk., Posbus 487, Johannesburg.